

et guidance

addressed the learners were Advocate Mark Themba Mathebula, Head of the Private Law Department at the University of Limpopo, Dr Evah Ramshela, Physiotherapist of Faculty of Health and Science, Mahlatse Thapi, Faculty of Commerce Chartered Accountant, Abel Ndhlovu, Clinical Engineering, Tshepo Molefe, Clinical Engineer, Rhulani Mboweni and Gert Adams, Nedbank Team. redaksie.bosveld@nmgroup.co.za



id of the Private Law Department at the Ndhlovu (Clinical Engineer). Bottom: Jerry me of the enthusiastic learners.



Ezekiel Ntsoane (links) en Andries Lesch (regs) saam met Albert van Wyk nadat hulle elkeen 'n prys (boek en kopple) gewen het.

BV SLEGS IN INK NIE OP SKERM

Jong miljoenêr gee raad

Lionel van Wyk

DAAR is eintlik net drie stappe om sukses te bereik in enigiets wat jy doen. Dit is om die aksie te studeer, te bemeester en uit te voer.

Só gesels Albert van Wyk, 'n 22-jarige selfgemaakte miljoenêr waar hy voor die leerders van Hoërskool Piet Potgieter staan. Albert (24) het pas 'n boek die lig laat sien om jong mense te inspireer oor hoe om finansiële sterker en onafhanklik te wees.

Hoewel Van Wyk (24) met sy skouerlengte hare jou dalk onkant kan vang, moet 'n mens hom nie onderskat nie want hy ken van hard werk. Sy boek genaamd *How to become a Millionaire at 22* gaan juis daaroor om vir jong mense die regte gereedskap te gee oor hoe om finansiële gevestig en onafhanklik te wees. Van Wyk wat in Pretoria woon is 'n gekwalifiseerde industriële ingenieur en 'n voltydse entrepreneur.

"Niemand wil regtig ooit oor geld praat nie en meen dat hulle nie daarvoor bekommerd is nie. Dit is glad nie waar nie. Geld is waarvan ons almal moet lewe en dit is belangrik om geld te verdien. Ek dink nie dat jy oor geld moet spog nie, maar om genoeg te hê om van lekker te lewe doen niemand skade aan nie," sê hy.



Albert van Wyk praat met die leerders van Hoërskool Piet Potgieter oor sy nuwe boek 'How to become a Millionaire at 22'.

Hy vertel sy pa se woorde "*If you want to become a millionaire, you have to learn from a millionaire*" inspireer hom. Hy meen elke jong mens het die potensiaal om groot hoogtes te bereik tensy hy/sy bereid is om hard daarvoor te werk. lionel@nmgroup.co.za